# Living Waters of Hope
# NPO/ NWO: 180-912

LIVING WATERS OF HOPE

## ABOUT US

Living Waters of Hope non-profitable organisation was established in 2016, to provide in the needs of the community in and around the West Rand in Gauteng. Daily operations are managed by 8 Directors and an extremely dedicated team. Living Waters of Hope is driven by the single goal to do our share in making the world a better place for all.

### Our Directors

Alf Levin (Chairman)
Doris Tredoux (Financial Officer)
Alma Fourie
Andries van Rooyen
Daan Piek
Johan Schoeman
Josef Oosthuizen
Peter Hlokwa

### Our Vision

LWOH vision is to provide care to those less fortunate and to enable them to feel a sense of dignity and purpose.

### Our mission

LWOH strives to assist the needy and neglected people at grass root level in our community and to find access to provide to those in dire need.

### Our Goal

To help and develop the distressed, needy, neglected and vulnerable people in our community, by providing them with the necessary assistance for sustaining their lives and conditions especially the young and elderly. Living Waters of Hope is committed to invest our expertise and resources in order to achieve our mission. We measure our success not in terms of monetary expenditure, but by more qualitative achievements such as accountability and the sincerity of our efforts and the effect it has on the uplifting of needy people.

## AGTERGROND

Living Waters of Hope (Nie-Winsgewende Organisasie) het tot stand gekom in 2016, met die doel om 'n bydrae te lewer tot die behoeftes van die gemeen-skap in en om die Wesrand in Gauteng. Daaglikse werksaamhede word be-stuur deur 8 Direkteure en 'n uitstekende toegewyde span mense. Living Waters of Hope word voortgedryf deur die enkele doelwit om ons deel by te dra tot 'n beter wêreld vir ons almal.

### Ons Direkteure

Alf Levin (Voorsitter)
Doris Tredoux (Finansiële Beampte)
Alma Fourie
Andries van Rooyen
Daan Piek
Johan Schoeman
Josef Oosthuizen
Peter Hlokwa

### Ons Visie

LWOH se visie is om te sorg vir die minderbevoorregtes en hulle in staat te stel om 'n gevoel van menswaardigheid en doelgerigtheid in die lewe te ontwikkel.

### Ons missie

LWOH streef daarna om behoeftige en verwaarloosde mense binne ons gemeenskap op grondvlak by te staan en lewensmiddele te voorsien aan diegene wat hulself in haglike omstandighede bevind.

### Ons Doelstelling

Om die behoeftige, verwaarloosde en kwesbare mense in ons omgewing – veral die jeug en ouer persone - te help en te ontwikkel, deur die nodige ondersteuning aan hulle te gee, sodat hulle lewens en omstandighede daarby kan baatvind. Living Waters of Hope streef daarna om beskikbare kundigheid en bronne aan te wend tot die bevordering van ons missie. Ons meet nie noodwendig ons sukses aan hoeveel fondse in die najaag van ons doelwitte bestee is nie, maar ons probeer eerlik om ons pogings met integriteit en verantwoordelikheid te rig op die opheffing van behoeftige mense.

## OUR PROJECTS

We encourage you to participate in developing and uplifting our community and promoting the dignity of all people. We believe if everyone helps his neighbour, we can change the world. Our projects include:

### Sandwich drives

On a weekly basis we provide sandwiches to work-seekers in our community, waiting for job opportunities at street corners. A team member provides a weekly spiritual message which motivates the recipients to strive for the better and to trust for a hopeful tomorrow.

### Old Age Homes

On a monthly basis we donate toiletries to the elderly at an old age home. Many of these individuals have been left without any family. Our team also pampers the elderly with foot treatments.

### Food Drives

We give food to under privileged people in a nearby Informal Settlement. Living conditions of these individuals are dire and many of them rely upon meals that we provide. We focus on the elderly and children as they are the most vulnerable members of society who need nurturing. We please need your support to provide study and sport facilities to the children in this area.

### Year end food parcels

During November of each year, grocery parcels are made up and donated to schools in the community, to provide for families in need during December holidays.

### Winter Warmers

Facing the icy cold winter months without warm clothing is a reality for those less fortunate. We donate warm school wear to children, which includes windbreakers, hats and scarves.

## ONS PROJEKTE

Ons nooi u om deel te neem aan die ontwikkeling en opheffing van ons gemeenskap en die bevordering van die waardigheid van alle mense. Ons glo eerlik dat as elkeen sy naaste bystaan, kan ons die wêreld 'n beter tuiste vir alle mense maak. Ons projekte sluit die volgende in:

### Toebroodjie-uitreik

Op 'n weeklikse basis verskaf ons toebroodjies aan werksoekers wat wag vir werks geleenthede by straathoeke in ons omgewing. 'n Spanlid bring eers 'n inspirerende geestelike boodskap, wat die toehoorders motiveer om die goeie na te streef en om hoop te behou vir die toekoms.

### Tehuis vir bejaardes

Op 'n maandelikse basis skenk ons toiletbenodigdhede aan senior persone in 'n nabygeleë tehuis vir bejaardes. Sommige van hierdie bejaardes is werklik hulpbehoewend, deurdat daar nie familielede is wat in hul belangstel nie. 'n Spanlid verskaf voetbehandelings aan inwoners wat dit benodig.

### Voedsel-uitreik, studie- en sportfasiliteite

Ons verskaf voedsel aan minder bevoorregte mense in 'n nabye informele nedersetting. Lewensomstandighede vir die meeste van hierdie inwoners is uiters karig en baie van hulle maak staat op die maaltye wat ons voorsien. Ons fokus op die ouer persone en kinders, omdat hulle die mees kwesbare lede van die samelewing is en versorging benodig. Bo en behalwe voedsel-voorsiening, vra ons ook u ondersteuning in ons strewe om studie- en sport-fasiliteite vir die kinders in hierdie omgewing te help vestig.

### Einde van die jaar-voedselpakkies

Gedurende November elke jaar word pakkies met kruideniersware opge-maak en na geselekteerde skole in die gemeenskap geneem. Sodoende word behoeftige gesinne ten minste vir 'n deel van die Desembervakansie iets te ete gebied.

## Back to school requisites

Children in our community are in dire need of school requisites. The average learner lacks the basic essential supplies that are needed for a meaningful educational experience at school. Parents are unfortunately not in a position to provide the quality and quantity of supplies needed. Living Waters of Hope has responded to this need and facilitates the donation of school requisites to needy and deserving children.

## Support services

Food parcels are made up according to the particular need of individuals and families who apply for assistance. In some instances, financial support is provided to families who have recently lost their only source of income. Afflicted families are rated according to a set of criteria and financial support may be allocated to such a family in need.





## Winterwarmte

Om die ysige wintermaande sonder warm klere aan te durf, is 'n werklikheid vir heelwat minderbevoorregte mense. Ons skenk warm skoolklere, soos baadjies, musse en serpe aan sulke kinders.

## Terug-skool-toe-skryfbehoeftes

Daar is kinders in ons omgewing wat 'n ernstige behoefte aan basiese skryfbehoeftes het. Ouers is nie altyd in staat om dit te bekostig nie. In oorleg met 'n paar skole het Living Waters of Hope hierdie behoefte raakgesien en word 'n aantal behoeftige kinders wat geïdentifiseer word, jaarliks van die nodige skryfbehoeftes voorsien.

## Ondersteuningsdienste

Ooreenkomstig die behoefte van individue en gesinne wat aanklop om hulp, word voedselpakkies vir hulle opgemaak. In sommige gevalle word finansiële steun gegee aan gesinne wat hulle enigste bron van inkomste verloor het. Geaffekteerde gesinne word ge-evalueer met behulp van 'n stel kriteria en geldelike hulp kan aan so 'n gesin in nood toegestaan word.





## *GET INVOLVED*

We are so grateful that you are interested in getting involved with the charity work of Living Waters of Hope. There are many ways to assist us in one way or another. We truly appreciate each and every effort and donation. By giving us your support, you will become a valuable member of the network of friends of our non-profitable organisation and will help to strengthen our hand. Thanking you in anticipation!

***Living Waters of Hope*** has been approved as a Public Benefit Organisation by SARS with PBO no 9300 567 63 on 6 July 2017 to use donations to fund specific Public Benefit Activities.

### *What Is a Public Benefit Organisation (PBO)?*

A PBO is an organisation that meets the requirements prescribed in section 30 (3) of the Income Tax Act 58 of 1962, as amended (the IT Act) and which may apply for approval to the Commissioner of the South African revenue Service (the Commissioner), to enjoy the benefit of certain tax exemptions.

### *What Is a Tax Deductible Receipt & B-BBEE Points?*

This is a specific receipt that is issued to a donor by an organisation that has been approved by the commissioner under section 18A of the Income Tax Act. A taxpayer making a bona fide donation in cash or of property made in kind is entitled to a deduction from his taxable income if the donation is supported by the necessary tax deductible receipt. In addition to this, you as donor receive a letter of thanks from Living Waters of Hope, which allows the donor to claim five points for involvement in Socio-Economic Development on the scorecard for an entity in terms of the Broad-Based Black Economic Empowerment (BBBEE) Act.

## *RAAK BETROKKE*

Ons is innig dankbaar dat u daarin belangstel om betrokke te raak by die welsynswerk van Living Waters of Hope. Daar is verskeie maniere waarop u ons kan bystaan. Ons waardeer elke bydrae en donasie opreg. Deur aan ons u ondersteuning te gee, word u 'n gewaardeerde lid van 'n netwerk van vriende van ons nie-winsgewende organisasie. Baie dankie by voorbaat!

***Living Waters of Hope*** is op 6 Julie 2017 goedgekeur as ‘n Openbare Weldaadsorganisasie deur die Suid Afrikaanse Inkomste Diens met PBO no 930056763. Dit maak die organisasie geregtig om donasies te gebruik om spesifieke aktiwiteite te befonds.

### *Wat Is ‘n Openbare Weldaadsorganisasie (OWO)?*

‘n Openbare weldaadsorganisasie is ‘n organisasie wat voldoen aan die vereistes voorgeskryf in Artikel 30 (3) van die Inkomste Belasting Wet No 58 van 1962, soos gewysig. So ‘n organisasie mag aansoek doen by die Kommissaris van die Suid Afrikaanse Inkomste diens vir sekere belasting-voordele.

### *Wat Is ‘n Belasting Aftrekbare Kwitansie & BGSEB Punte?*

Dit is ‘n spesifieke kwitansie wat uitgereik word aan ‘n donateur deur ‘n organisasie wat goedgekeur is deur die bogemelde Kommissaris ingevolge Artikel 18A van die Inkomste Belasting Wet. ‘n Belastingbetaler wat ‘n bona fide donasie in kontant of eiendom maak is geregtig om sodanige donasie af te trek van sy belasbare inkomste as die donasie ondersteun word deur die nodige aftrekbare Artikel 18A belasting kwitansie. Bykomend hierby reik Living Waters of Hope ook ‘n dankbrief uit wat die donateur in staat stel om aanspraak te maak op die volle vyf punte wat van toepassing is op die telkaart van ‘n entiteit in terme van die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging (BGSEB).

### *May the donations received for which a tax deductible receipt has been issued be used for any purpose?*

The donations received in cash or of property made in kind may only be used for the activities listed in the Ninth Schedule of the Income Tax Act and which have been approved in terms of Section 18A of the set Act (known as Public Benefit Activities).

### *Which activities qualify for section 18a approval?*

Public Benefit Activities (PBA's) are approved by the Minister of Finance for section 18A purposes and are limited to eleven categories according to the Ninth Schedule of the above Act.

The following categories fall within Living Waters of Hope's approval:

#### *1) Welfare and Humanitarian:*

- The provision of education programmes relating to neglected or homeless children.
- The provision of poverty relief.
- Community development for poor and needy persons and antipoverty initiatives.

#### *2) Land and Housing:*

- Equipping of community centres, sport facilities or other facilities of a similar nature for the benefit of the poor and needy.

#### *3) Education and Development:*

- Training for un-employed persons with the purpose of enabling them to obtain employment.

### *Mag sulke donasies wat belasting aftrekbaar is, gebruik word vir enige doel deur die betrokke organisasie?*

Die donasies ontvang mag net gebruik word om die aktiwiteite gelys in die Negende Skedule van die Inkomste Belasting Wet te bedryf en wat goedgekeur is vir doeleindes van Artikel 18A van die Wet (Bekend as openbare weldaadsaktiwiteite).

### *Watter aktiwiteite kwalifiseer vir artikel 18a goedkeuring?*

Openbare weldaadsaktiwiteite is goedgekeur deur die Minister van Finansies vir Artikel 18A doeleindes en is beperk tot elf kategorieë kragtens die Negende Bylae tot bogemelde wet:

Die volgende kategorieë is goedgekeur onder Living Waters of Hope se mandaat:

#### *1) Welsyn EN humanitêr:*

- Die voorsiening van opvoedingsprogramme met betrekking tot verwaarloosde, wees- of hawelose kinders.
- Die voorsiening van armoedeverliging.
- Gemeenskapsontwikkeling vir arm en behoeftige persone en teenarmoede inisiatiewe.

#### *2) Grond en Behuising:*

- Die toerus van gemeenskapsentrums, sportgeriewe of ander fasiliteite van 'n soortgelyke aard.

#### *3) Onderwys en Ontwikkeling:*

- Opleiding vir werklose persone met die doel om hulle in staat te stel om werk te kry.
- Akademiese ondersteuning, bykomende onderrig of uitreikingsprogramme vir armes en behoeftiges.

- Academic support, supplementary tuition or outreach programmes for the poor and needy.

### *4) Providing of funds, services and other resources:*

- The provision of funds, services or other resources by way of donation.

### *5) General:*

- The promotion, monitoring or reporting of development assistance for the poor and needy.

For more information on how to get these tax benefits, please go to the subheading "Contact" on the webpage and send us your message.

**Living Waters of Hope NPC**

Registered NPO 180-912
Company registration no: 2016/285009/08
PBO no: 930056763

1st Floor, Levin & Steyn Building, 383 Ontdekkers Road, Florida Park, 1709, Gauteng, South Africa

PO Box 316, Florida Hills, 1716, Gauteng, South Africa
Tel +27 825721875, +27 824905998/+27 116751066 www.lwoh.co.za

Bank details:

ABSA Bank Commercial Far West
Account no 409 1001 441, Branch code 632 005, Swift code ABSAZAJJ

### *4) Voorsiening van fondse, dienste ander hulpbronne :*

- Die voorsiening van fondse, dienste of ander hulpbronne by wyse van skenking.

### *5) Algemeen:*

- Die bevordering, monitering van of verslagdoening oor ontwikkelingsbystand

  vir die armes en behoeftiges.

Vir meer inligting oor die belasting voordele, gaan asb na die sub-opskrif "Contact" op die webwerf en stuur vir ons jou boodskap

**Living Waters of Hope NWM**

Geregistreerde NPO 180-912
Maatskappy registrasie nr: 2016/285009/08
PBO nr: 930056763

1ste Vloer, Levin & Steyn Gebou, 383 Ontdekkers Weg, Florida Park, 1709, Gauteng, Suid Afrika

Posbus 316, Florida Hills, 1716, Gauteng, Suid Afrika
Tel +27 825721875, +27824905998/+ 27 116751066
www.lwoh.co.za

Bank besonderhede:

ABSA Bank Commercial Far West
Rekening no 409 1001 441, Tak kode 632 005, Swift Kode ABSAZAJJ